

NOMADES

Junie 2013 nuusbrieff.

Hartlik goeiedag aan al die Nomades

Die Stappe wat nog oor is vir die res van 2013 is as volg:

15-17 Junie 2013.

Ons stap die plat dagstappies by **Windy Brow** by Cullinan en slaap Saterdag en Sondag aand in die Ndaba kamp. R310 vir lede en R330 vir nie-lede. Daar is fiettryoetes ook. Ons is nou 17 stappers wat gaan. As daar nog van julle is wat belangstel kan julle direk met Jacana reel. bookings@jacanacollection.co.za of 012 803 9109

19-21 Julie 2013.

Mateke Rivierkamp kamp by Thabazimbi. Met krag. Boomhuisies. Basiskamp met dagstappe. 13+9Km. Koste beloop R270 pppn vir lede en R290 vir nie-lede vir die naweek. Sien www.mateke.co.za/accommodation.htm

8-11 Augustus 2013.

Die ou Eerste liefde en later bekend as die Geelhout (Yellow Wood) roete wat deel vorm van die Blyderivier kloof is ook blykbaar toe aangesien daar te veel aanrandings en diefstal was. Ons sou die Roete 9-11 Augustus gestap het.

Ek kon toe by die Komatiland-**Prospekteurders-Morgenzon** Rugsak 3 dag sirkel roete plek kry vir daardie naweek. R105 per persoon per nag + klubfooi. Lede dus R315+R15=R330. Nie-Lede R315+R45 = R360.00. Ons slaap in die Morgenzon, Blackhill en Excelsior hutte onderskeidelik 8,9 en 10 Augustus. Ek moet die Volle bedrag teen 5 Julie 2013 betaal. Laat dus asb so gou moontlik weet. Ek het voorlopieg net vir 6 persone bespreek en as ons meer plekke wil moet ons gou-spring en betaal.

<http://www.komatiecotourism.co.za/OvernightTrails/ProspectorsTrail/tabid/67/Default.aspx>

Irma kon vanaf 23-25 Augustus **Wag 'n Bietjie** bespreek naby Warmbad vir die wat nie wil rugsakstap by Morgenzon nie.

R120+R120+R10=R250 vir lede en R120+R120+R30=R270 vir nie-lede. Ons het reeds 'n 50% deposito vir 10 persone betaal.

<http://www.anvieveventures.co.za/limpopo.html#Wag-'n-Bietjie>

22-27 September 2013.

Tsitsikama naby Nature's Valey. Rugsak roete. 6 Dae. 61Km. Rugsakke kan vervoer word sommige van die dae.

18-29 Oktober 2013.

Botshebelo naby Middelburg sou ons roete gewees het. Dit blyk egter dat die plek heeltemal verval het volgens 'n berig in die plaaslike Middelburg koerant en geen-een van die telefoon nommers wat ek op internet kon opspoor het nog gewerk nie.

Ek kon egter plek bespreek by **Idwala staproetes** vir 12 persone, Die volle bedrag is reeds oorbetal en die besprekings bevestig.

R260+R10=R270 per lid en R260+R30=R290 per nie-lid vir die naweek. S25 28.738, E29 19.132.

Langs die Loskopdam. 'n Totale netwerk van 24Km roetes. Basiskamp bestaan uit 3 chalets. 24 beddens met matrasse. Yskas het Gas-yskas en 2x2plaat gasstofie. Storte het Gas-geysers.Sowat 180Km vanaf Pretoria, 39Km vanaf Middelburg.

<http://www.jacanacollection.co.za/details.aspx?prid=15>

22 tot 24 November 2013

Wathaba staproetes is in 'n wildernis area in die Skurweberge tussen Machadodorp en Badplaas.

Ons het plek bespreek in die Kiepersol kamp wat tot 23 persone kan huisves. Die onderskeie kamers slaap 5,5,5 en 8 in die dubbelverdieping. Daar is onderdak braaiarea, 'n groot kombuis en spoeltoilette.Matrasse met oortreksels word voorsien. Prafiën lampe word voorsien aangesien daar Geen Elektriesiteit is nie. 10+4Km.

Koste is R145+145+10 = R300 vir lede en R145+R145+R30 = R320 vir nie-lede. Ek het vir 12 persone bespreek en die Deposito alreeds betaal. www.wathaba.co.za

Roete Terugvoer

Rustig Gasteplaas en voetslaanroetes. 24-26 Mei 2013.

Die Aankoms en teenwoordiges:

13 Stappers het uit alle windrigtings by die Rustig gasteplaas aangekom Vrydag middag en aand op 24 Mei 2013.

Sally was daar naby, en Koos vanuit die Suide. Maryke, Vicky, Amerae, Marius; Phrina en Anna-Marie; Hans, Norma en Erika; en Luis, Corrie hoofsaaklik vanaf Ooste. Sally het haar bord en beker vergeet. Luis sy skoene en slaapsak. Hans sy instruksies om op die kortste moontlike manier daar te kom (ons glo nie Krugersdorp om is die kortste nie) en later het Amerae vergeet dat sy moes oorslaap by die oornagkamp en somer deurgestap terug basis toe. Marius het later die Vrydag aand toe ook vergeet om sy kamera by hom te hou en iemand het dit toe permanent ingepak in sy eie bagasie.



Die Akkomodasie en fasiliteite:

Ons het geslaap in die dormetries. Daar is 6 kamers met 3 dubbelbeddens elk. 4 kamers op die boonste vloer en 2 kamers op die onderste vloer. Nomades het 3 kamers betrek en 'n ander groep die ander 3 kamers. Daar 'n klein maar baie netjiese kombuisie met permanente warmwater, 'n Groot yskas en 'n gasstofie. Basiese eetgerei is beskikbaar. Maar die groot kuier en kosmaak gebeur maar meeste buite om die groot braai/kuier area buite wat 50% onder dak is. Die ablusie is 'n baie netjiese gebou'n paar meter weg van die slaap/braai fasiliteite. Sowat twee jaar gelede opgegradeer en oorgebou. Somige van ons het selfs ontuis gevoel in die luukse. Maar die baie mense van ons twee groepe saam het maar sy tol ge-eis op die warmwater in die storte en party van ons het minder warm gestort. Die Vrydagaand om die vuur het iemand glo ek per ongeluk net my kamera sekerlik met syne verwar en ingepak en nog nie uitgepak nie, maar ek kan seker nie kla nie. Dis my eerste kamera wat verlore raak in sowat 20 jaar se stap.



Die Rugsak oornag-akkomodasie.

Hans bereik hoë hoogtes die wildskamp in.

Binne in die Wildskamp-Terugblik op die Berge.

Die Saterdagstap.

Daar is amptelik 3 dagstappe beskikbaar, die geel Oliehout wat 4Km lank is, die rooi Witstinkout roete wat 5km lank is en die 13 km lange Karee oornag roete. Ons het die roetes so 'n bietjie aanmekaar gehak en almal het begin met die Karee oornag roete tot so 2/3 van die roete wat ons met 'n redelike stywe opdraande gelei het 300m hoër tot bo-op die Magaliesberge. Daar het die dagstappers afgedraai en die 'ontsnap' roete direk na die basiskamp geneem. Marius, Hans en Amerae het aangestap na die oornag kamp (foto bo-links. Amerae het heeltemal te fiks gevoel en toe sy by die oornagkamp kom na sowat 10km sommer aangehou stap en die laaste sowat 3km na die basiskamp voltooi met haar rugsak. Marius en Hans het 'n Rustige aandjie alleen in die oornaghuis (Groendakhuis) deurgebring. Die Uitsigte bo-van die berg af is besonders mooi en op plekke kan jy stukkie van die Hartbeespoorddam sien, elders kan jy weer Pretoria se geboue sien of sommer net aan beide kan van die berg afkyk, of na die platinum myne Rustenburg se rigting of na aide uitgestrekte plase in die Hekpoort area suid.



Die Sondagstap.

Patery van die basiskamp mense het laat geslaap, ander het vroeg gery, ander het laat geslaap en ontbyt by die restaurant ge-eet, ander het die Wildsroete meegedoenteen R50 en dan kry jy boonop 'n muffin en tee! 'n Bietjie droog gewees met geen drinkwater langs die roete nie, maar die Ver uitgestrekte uitsigte het daarvoor opgemaak. Sowat 10h00 se kant het ek (Marius en Hans) die dagstappers gekry waar hulle in heeltemal te veel luuksheid op die restaurant se stoep sit en kuier en wag vir hulle ontbyt.

Erika sê die volgende oor die roete, dankie vir jou insette:

"Marius, Hans en Amerae neem die pad na die oornaghut. (Amerae die jong 17-jarige ribbokie het vanaf oornaghut terug na Rustighut gestap nadat sy sowat 'n halfuur gerus het en water volgemaak het. Na 'n stappie van 45 min., kom sy by hut aan.) Die res van ons het met ontsnaproete afgegaan. Roete is nogal steil maar dit doen geen afbreuk aan die mooi natuur nie. Ons stap verby "Rustig Rus", "Lang Afloop" en by "Amper Daar" kry ons nuwe moed. Selfs hierdie laaste paar km is baie goed gemerk. Die laaste twee km is soos gewoonlik die langste, Party maak oop soos hond wat huis geruik het, ander beklim die laaste leertjie heeltemal op 'n ander manier as toe hulle vroeg oggend daarvoor geseil het. Nietemin, almal kom veilig en ongedeerd terug by ons luukse geriewe aan. Party verkeer rustig op hul beddens, ander besoek die kroeg waar rugby geniet kan word. Party het Saterdagdaand gebrui, ander was nog versadig van kroeg-etes. 'n Genoeglike aand word onder volmaan en kampvuur geniet. Gemiddelde ouderdom----55!! "

Konklusie:

Bespreek by www.rustig.co.za as julle 'n volgende keer dalk in die safaritente of hulle ander akomodasie wil tuis gaan. 'n lekker roete met verskeidenheid op en afdraandes, lukses en lekker bos. Sowat 100Km vanaf Pretoria naby Hekpoort.

Voetslaan Magalies. (

Op die Mei-maand klubaand het Pierre Maree met die teenwoordiges oor Water kom gesels.

Die groot vraag, wanneer is water veilig om te gebruik? Hy sê gebruik doodeenvoudig AL jou sintuie. As jy die water hoor loop, dit vars ruik, skoon lyk en normaal voel, behoort jy redelik veilig te wees. Van ons riviere (soos die Olifants) het heelwat swaar metale in, maar Pierre sê as jy vir 2 dae in 'n maand sulke water drink gaan dit nie skade maak nie. Op 'n daaglikse basis vir lang tye kan dit wel groot en blywende probleme skep. Die groter probleem is lewendige bakterie, soos o.a. riool wat die stelsel stroomop ingekom het. Dit gaan nie groot langtermyn probleme skep nie, maar jou wel vir die dag of wat laat slegs voel en ander intesante simptome veroorsaak. Water wat vir so kort as 15 Sekondes teen 50 tot 70 grade Celcius verhit is sal al die bakterie doodmaak. Dit werk ook die beste vir troebel en melkerige water.

Druppels en watersuiwerings tablette met chloor en jodium in sal ook die meeste lewende bakteria skadeloos maak. Dan is daar ook UV lig suiwerars wat duur is die beste werk op helder water. Ken ook die area waarin jy stap en weet of daar bv plase of nedersettings stroomop is. Dan het hy ook 'n bietjie uitgebrei oor wat ons ken as suur mynwater en ter intresantheid genoem dat dit neem blykbaar sowat 5680 liter water om 1 vaatjie(sowat 120 liter) bier te maak. Dit werk uit op ongeveer 47liter / Liter vanaf rou produkte produksie tot bottel.

Intresant ook is dat te suiwer water ook nie goed is nie. Dit is die chemicaliee in die water wat dit lekker maak, soet maak of bitter(Mangaan) maak.

Ander klubs het onlangs die volgende roetes geloop : Skeurkrans(Parakletos), Num-Num(Klipspringers), Whataba(Chris), Kameelkop@Mountain lodge(Klipspringers), Rhenosterpoort(Klipspringers), Slagthoek(Ons klub) en Klipkamp(Ndaba).

Stapfooie.

Opbetaalde lede betaal R5 per persoon per nag ekstra bo-op die rou koste van die roete.

Nie-lede betaal R15 per persoon per nag ekstra bo-op die rou koste van die roete.

Sou 'n roete R120 pppn (per persoon per nag) kos en dit is 'n 2nag, naweek roete sal jou koste as volg bereken wees.

Basis Koste : R120 x 2 nagte = R240.00

Lid : R5 x 2 nagte, dus totaal sal wees R240+R5 +R 5 = R250 per persoon.


Nie-Lid : R15 x 2 nagte, dus totaal sal wees R240+R15+R15 = R270 per persoon.

Hierdie ekstra fooi word gebruik om die Besprekings agente fooi, bankfooie vir in en uitbetalings, hout, charcole, blitz ens. te dek vir die roete asook om die ander uitgawes te help dek.

Webwerf.

Ek is besig om 'n interaktiewe GoogleMap kaart te skep met die werklike GPS koördinate van staproetes se ingange en kampe. Klik op die aangehegde HTM lêer.

Sommige van julle mag dalk 'n boodskap kry ivm sekuriteit, maar sê net dis reg.



Wat julle dan gaan sien is 'n lewendige Google kaart (jy kan bo-regs kies tussen kontoere en Sateliet beeld agtergronde). Jy kan inzoom en rond beweeg. As die kaart netjies genoeg is en heelwat meer volledig is, sal dit deel vorm van Nomades se web-tuiste. As enigeen van julle plekke mis op die kaart EN die GPS koördinate van of die ingang van die plaas/natuurreservaat of die Basiskamp het, stuur asb aan.

Groete
Marius.
MariusStanderPTA@gmail.com
www.nomades.co.za

